HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 11 van 2026

23 Januarie 2026

Geagte Ouers/Voogde,

By Hoërskool Randburg streef ons om alle vakke se kurrikulum en fasiliteite gedurig te evalueer en op te gradeer, indien nodig. Dit verseker dat ons vir die leerders die beste moontlike onderrig kan voorsien en te verseker dat elke klaskamer en spesialiteit lokaal ten volle toegerus is om ten alle tye hoë standaarde te handhaaf wat die leerervaring optimaal vir die leerders te maak.

Gasvryheidstudies is 'n opwindende vak en een van die min vakke wat aan leerders die geleentheid bied om direk na skool (selfs deeltyds gedurende skool) die arbeidsmark te betree. Gedurende die jaar sal leerders die geleentheid kry om 'n verskeidenheid geregte te maak, lokale vir funksies voor te berei, tafels vir verskillende spyskaarte te dek en die korrekte bedienings- en skoonmaaktegnieke vir voedsel en drank te gebruik.

Ons beoog om die Gasvryheidstudies vak en fasiliteite te moderniseer om ons leerders toe te rus met die vaardighede en kennis wat in vandag se vinnige bedryf nodig is. Ons opgedateerde program fokus op praktiese ervaring, innovering en uitnemendheid, in lyn met die nuutste, wêreldwye standaarde. Om hierdie proses te begin, het ons areas geïdentifiseer waar ons verandering wil aanbring. As deel van hierdie poging het al ons graad 10- tot 12-leerders reeds 'n nuut geïmplementeerde Gasvryheidstudies-resepteboek ontvang met opwindende en unieke resepte wat steeds by die vakvereistes inskakel.

Leerders het gedurende elke kwartaal drie tot vyf praktiese lesse en 'n vaardigheidstoets en aan die einde van die jaar is daar 'n praktiese eksamen. Die bestuur het die besluit geneem om 'n **R250-00** sentrum per kwartaal (**R850 vir die jaar, betaalbaar teen 27 Februarie**) te vra wat die koste van bestanddele, spesialiteitsgereedskap, verpakkingsmateriaal en skoonmaakmiddels sal dek.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Betalings kan in die skool se rekening gemaak word:

ABSA BANK
Rekeninghouer: Hoërskool Randburg
Rekeningnommer: 170 680 065
Takkode: 632005
Verwysing: GVSFOOIE, leerderkode en met kind se naam (bv. GVSFOOIE,12345,Nina)

Gedurende die kwartaal se praktiese lesse moet leerders die volgende items saambring:

- Skoolresepteboek
- Gereedskapsak
- Sjef-voorskoot en -*beanie*
- Kosblik vir verpakking van praktiese gereg.

Ons glo dit sal beide leerders en ouers bevoordeel en dat ons op u ondersteuning kan staatmaak. Vir enige verder navrae of meer inligting, kontak asseblief die skool by 011 782 6226.

Vriendelike Randjiegroete

S. Louw
Gasvryheidstudiesonderwyser

E. Gouws
Adjunk-hoof: Finansies